



NIB 23/2017

20/06/2017

MAG TYDELIKE- OF BEHEERLIGGAAMOPVOEDERS AANSOEK DOEN VIR PROMOSIEPOSTE? ARE TEMPORARY OR SCHOOL GOVERNING BODY EMPLOYEES ALLOWED TO APPLY FOR PROMOTION POSTS?

<p>Soos lede reeds weet is die sluitingsdatum vir aansoeke vir promosieposte 30 Junie 2017 soos geadverteer in Departementele Omsendbrief 13/2017, 1 Junie 2017 met errata uitgestuur op 12 Junie 2017.</p> <p>Dit het onder die SAOU se aandag gekom dat lede, wat tans in tydelike- of Beheerliggaamposte aangestel is, vrees dat hul aansoeke uitgegooi sal word tydens die siftingsproses of die kortlystingsvergadering.</p> <p>Neem kennis dat tydelike- en BL-opvoeders geregtig is daarop om aansoek te doen vir promosieposte. Dit staan posvlak 1 onderwysers vry om ook aansoek te doen vir Posvlak 3 of 4 poste. Die enigste vereistes wat geld is die wat voorgeskryf is in Omsendbrief 13/2017. Dit sluit onder andere in die posvereiste, minimum kwalifikasies, relevante ervaring, ens.</p> <p>Indien u in die bogenoemde groepering val, maak asb. veral seker van die korrekte invul van die aansoekvorm en heg voldoende bewyse aan van u toepaslike ervaring.</p> <p>Lede wat as waarnemers optree, of op kortlystingen onderhoudspanele dien, moet seker maak daarvan dat daar nie teen tydelike- of BL-opvoeders gediskrimineer word nie. Sou u van so 'n geval kennis neem, moet u dit asseblief onmiddellik onder die aandag van die SAOU bring.</p>	<p>Members are aware that the closing date for applications for promotion posts is 30 June 2017 as advertised in Vacancy List 13/2017, 1 June 2017 with an erratum on 12 June 2017.</p> <p>It has come to the attention of the SAOU that members, who are currently in temporary- or SGB posts, fear that their applications may be discarded at sitting and shortlisting meetings.</p> <p>Please note that temporary and SGB employees are entitled to apply for promotion posts. Post Level 1 educators may also apply for Post Level 3 and 4 posts. The only applicable requirements are those mentioned in Circular 13/2017. These include post requirements, minimum qualifications, relevant experience, etc.</p> <p>Should you fall within the above grouping, make sure of the correct completion of the application form and attach all proof of relevant experience.</p> <p>Members who act as observers or who serve on shortlisting- and interview panels, must ensure that temporary and SGB employees are not discriminated against. If you become aware of such a case, you are requested to inform the SAOU immediately.</p>
---	--